# FEBRUARIE 2018 NUUSBRIEF

MOSSELBAAI GHOLFLANDGOED HEV

Volume 2, Uitgawe 1

Februarie 2018

## Verwelkoming en Medelye

Sedert die begin van die jaar het baie dinge reeds gebeur in ons land, ons dorp en ook op ons Landgoed. Die Raad van Direkteure (RvD) is ook besig met verskeie sake en gee ons graag terugvoering.
Eerstens wil ons alle nuwe eienaars en inwoners hartlik op die Landgoed verwelkom. Ons vertrou dat julle 'n wonderlike, gelukkige en ontspanne verblyf op die Landgoed sal geniet.

Ongelukkig moet ons ook meld dat een van ons inwoners, Dr Erhardt Veldsman gedurende Januarie in 'n tragiese motorongeluk oorlede is. Ons innige simpatie gaan aan die familie. Erhardt was ook 'n ywerige gholfspeler en sal gevolglik deur baie mede gholfspelers gemis word.

## Direksie en Portefeuljes

Die eerste Raadvergadering is op 18 Januarie 2018 gehou en die volgende portfeuljes is aan Raadslede toegeken:

| | |
|---|---|
| John Blythe-Wood | Voorsitter en Omgewingsake |
| Martin Smith | O/Voorsitter en Bemarking/ Skakeling |
| Carel Kuun | Reëls en Regulasies |
| Gabriel Smith (ARB) | Argitektoniese Oorsigraad |
| Pieter Venter | Sekuriteit |
| Willem Roux | Finansies |
| Kosie Otto | Instandhouding |




Spesiale punte::

- DIREKSIE
- SEKURITEIT
- JAARLIKSE EIENAARS GHOLFDAG
- OPTIESE VESEL

### In hierdie uitgawe:

| | |
|---|---|
| Bestuur van die Landgoed | 2 |
| OTB (Obligation to build) | 2 |
| Konstruksie | 3 |
| Optiese vesel | 3 |
| Gholf klub | 4 |
| Eienaars gholfdag | 6 |



## Finansies

Midde swak finansiële prestasie deur verskeie besighede is die finansies van die Landgoed gesond. In die verband word huiseienaars wat hulle heffings betyds betaal bedank – heffings bly die primêre bron van inkomste. Operasionele kostes is onder beheer en belyn met die begroting. Geen buitengewones uitgawes word vir die oorblywende deel van die finansiële jaar voorsien nie. Gedurende die afgelope weke het die RvD  beduidende vordering gemaak om sake wat verband hou met uitstaande skulde, op te los.

"...Operasionele kostes is onder beheer en belyn met die begroting…"

## Landgoedbestuur

Ons swembaddens was weereens baie goed gedurende die Desember vakansies gebruik. Behalwe vir enkele klein gebeure was vanjaar 'n baie stil en rustige vakansie periode. Verskeie besoekers het melding gemaak van die goeie bestuur van die Landgoed. Die RvD wil dan ook sy dank uitspreek teenoor alle inwoners vir hulle waardeerde samewerking.

## OTB (Obligation to Build)

Die OTB (Obligation to Build) klousule word eersdaags deur Arbitrasie getoets nadat een van ons lede die geldigheid daarvan betwyfel het.

Ons vertrou die aangeleentheid sal teen April afgehandel wees.

Hierdie is die enigste uitstaande saak ten opsigte van die OTB. Alle ander eienaars se betalings is op datum.

Die regsgeding met betrekking tot die gholfskerm op 'n eiendom in Maranataweg is ook tot bevrediging van beide partye opgelos.

## Konstruksie

‘n Artikel deur die Munisipaliteit het in die *“Advertiser”* se weergawe van 9 Februarie 2018 verskyn. Dit bekragtig vorige versoeke dat geen konstruksie toelaatbaar is sonder vooraf skriftelike goedkeuring deur die ARB nie.

Bouplanne moet opgestel word deur ‘n geakkrediteerde lid van SACAP. Selfs vir geringe werke, tipies tydelike heinings om tuine te beskerm gedurende die droogte, word ‘n A3-grootte 1:200 skaal Terreinplan, plasing en behoorlike beskrywing benodig.

Die afgelope tyd is aangemeld dat verskeie “tydelike” heinings sonder magtiging opgerig is. Derhalwe is of sal sommige eienaars binnekort genader word op ‘n vriendelike dog samewerkende wyse, ten einde “rekords op datum” te hou. Gelukkig is die probleem beperk.
Riool-blokkerings vind meer gereeld plaas. Doekies is die groot probleem. Waardering word uitgespreek vir die verwagte samewerking vanaf alle inwoners.

U word herrinner daaraan dat Elektriese Heiningstelsel Bevoegdheidsertifikaat (EFSCC) vir installasies benodig word en dat sertifikate slegs geldig vir 24 maande is. Die onus berus by eienaars om hierdie setifikaat op datum te hou.

## Optiese Vesel - Die Pad Vorentoe (opvolg)

Samesprekings met TELKOM insake optiese vesel produk aanbiedings vorder goed, maar dit word besef dat die projek langer gaan neem as wat aanvanklik verwag is.

Tydens ‘n onlangse vergadering is dit gemeld dat die bestaande infrastruktuur gebruik gaan word om sodoende die minimum beskadiging te voorkom. TELKOM sal individueel met inwoners skakel met betrekking tot instalasies.

Daar word nou gewag vir ‘n ontwerp/uitleg plan wat tydens die volgende RvD vergadering afgeteken sal word.

Sodra die projek afgeteken is, kan die instalering begin en behoort die eerste huise na 3 maande oorgeskakel te wees.

Die beplanning is dat na 6 maande alle huise, wat aansoek gedoen het, oorgeskakel sal wees.
Die sekuriteit opgradering sal ook ingelyf kan word by die optiese vesel netwerk met sekuriteitskameras wat voorsien word.

Die Landgoed sal ook oor sy eie beheerkamer beskik.

## Spoedwal

Die tydelike geel plastiese spoedwalle is aangekoop en word nou op strategiese plekke op die Landgoed geplaas. Die hoë/gevaarlike spoed wat op die Landgoed voorkom is nie vir die RvD aanvaarbaar nie. Indien die toetse suksesvol is, sal permanente spoedwalle aangebring moet word. ‘n Permanente spoedwal




## Spoedwal...vervolg.

gaan by die brug in Pardew Rylaan aangebring word.

Daar word ook bemerk dat kinders sonder rybewyse steeds op die Landgoed met gholfkarretjies rondry.

Dit word ook saans gedoen sonder ligte. Soos almal besef is dit baie gevaar-



"...die onderhoud en bestuur van die gholfbaan steeds baie goed..."

## Gholfklub

Ten spyte van die droogte, is die onderhoud en bestuur van die gholfbaan steeds baie goed.

Terugvoering  na onverwagte finansiële oudits, het die resultate voldoen aan vereistes.

Gereelde skakeling tussen die Rade van gholfklub en landgoed, word in 'n volgehoue ope en vertroulike verwantskap gehandhaaf.

Die huidige Samewerkingsooreenkoms verval einde Junie 2020.  As gevolg daarvan word die verlenging reeds deur 'n sub-komitee aangespreek. Dit word gedoen in gedagte met die onderskeidelike jaarvergaderings gedurende Desember 2018 en September 2019.

Die tydskaal maak voorsiening vir geringe vertragings.  Gedurende die jaar sal verdere verslag gedoen word.

Terugvoering is dat huiseienaars nog steeds hulle waardering uitspreek vir die "tuin in die agterplaas".

Ongelukkig het daar weer gevalle voorgekom waar inwoners rommel en huisafval op die gholfklub se gronde plaas . Hierdie is 'n ernstige oortreding en die betrokke inwoners word ernstig gemaan om dit sumier te staak.

## Sekuriteit



Gedurende die afgelope 25 maande is geen huisbrake of kriminele aktiwiteite op die Landgoed aangemeld nie. Ongelukkig is verwerkte dagga op die Landgoed gevind.

Wees asseblief versigtig en meld enige verdagte aksies so spoedig moontlik aan. Ondersoeke in die verband is aan die gang. Die wagte by die hekke word voorsien deur Thorburn Sekuriteit terwyl die Reaksievoertuig (081 777 5338) deur Suiderkruis Sekuriteit beman word. Hierddie besigheidsplan werk goed en die beste van beide firmas word hierdeur verseker. In die geval van nood, skakel asseblief die Reaksievoertuig en nie die wagte by die hekke nie.

Ireen Otto Karolus, Assistant Bestuurder en Sias Koen, Bestuurder is in diens van Status Mark met opdrag aan die Landgoed.



SO Jones ontvang bonus vir uitsonderlike diens

Bedryfvergaderings word op 'n daaglikse, weeklikse en maandelikse basis gehou, afhangende van die onmiddellike behoeftes.

Sekuriteitsprojekte is sensetief, maar die volgende vir kennisname:

- Video-kameras is by alle hekke (ingang en uitgang)
- Grootste gedeelte van Landgoed beskik oor elektriese heinings wat opgedeel is in 20 seksies en 24-uur gemonitor word
- Maandelike heffings sluit Reaksievoertuigdiens in (081 777 5338)
- Slegs "sel-na-hek" toegang beskikbaar vir huurders
- Toegangskaarte wat deur ander persone as die eienaar gebruik word, sal gekanselleer word
- CCTV-kameras en beweegbare video alarms is op stategiese punte
- Voetgangerhekke word beman en aantekeninge word van bewegings gehou
- Die hek by die Gholfklub is alleenlik vir Gholfklublede en geen besoekers van Landgoedinwoners word toegelaat nie
- Die Landgoed sluit om 17:00 vir alle kontrakteurs en tuiniers
- Alle werkers moet kaarte inhandig wanneer die Landgoed verlaat word
- Boupersele word op 'n daaglikse basis deur sekuriteitspersoneel besoek
- Kontrakteurs se voetuie moet duidelik gemerk wees
- Huisbediendes moet toegangskaarte dra
- Slegs 145 alarms is op hierdie stadium gekoppel – 1% meer as verlede jaar.
- SAPD klaring word benodig indien daar om 'n toegangskaart aansoek gedoen word. Goedkeuring neem gemiddeld 48 uur.

"In die geval van nood, skakel asseblief die Reaksievoertuig (081 777 5338) en nie die wagte by die hekke nie.

## HUISEIENAARS GHOLFDAG EN GEBORGDE ETE

Laastens, neem asseblief kennis dat die jaarlikse spesiale **HUISEIENAARS GHOLFDAG EN GEBORGDE ETE** weer op Sondag 22 April 2018, gaan plaasvind.

Die formaat is "MEDAL NETT" en **slegs** eienaars en hulle inwonende familie kan deelneem. Daar gaan weer 'n "Mans Speler van die Jaar" en 'n "Dames Speler van die Jaar" troefee wees. Verlede jaar was Niel van Heerden en Cathrine Bell die wenners.

Wie gaan ons wenners vanjaar wees? **Alhoewel slegs eienaars en hulle familie gholf mag speel, is die aandete (R120) oop vir ALLE eienaars.** Die ete word deur die HEV met R60 per persoon geborg, dus betaal u slegs R60 per persoon. Ons nooi dus graag **ALLE** eienaars om die geleentheid by te woon. Kom en geniet 'n smaaklike ete en kom kuier saam met mede inwoners.

**Bespreek asseblief afslaantye en tafels of slegs tafels by Lizette (Gholfklub Ontvangs) telefoon 2411.**

**ONS SIEN DAARNA UIT OM JULLE TE VERWELKOM**


**MOSSEL BAY GOLF ESTATE**
**HOME OWNERS ASSOCIATION**

**Association incorporated under section 21 of the Companies Act 1973 (as amended)**

P.O. Box 567 • MOSSEL BAY 6500 • Western Cape • South Africa • Tel: 044 691 3054 • Fax: 044 691 1520

E-Mail: status2@status-mark.co.za • Website: www.mosselbaygolfestate.co.za